

Die Bybel in Afrikaans:

1953-hersiening



bybelgenootskap
van suid-afrika

Die Bybel in Afrikaans: 1953-hersiening



Agtergrond

In 1933 het die eerste volledige Afrikaanse vertaling van die Bybel verskyn – ’n belangrike mylpaal in die geskiedenis van Afrikaanse gelowiges. ’n Hersiene weergawe van hierdie vertaling het in 1953 gevolg, met die doel om die spelling, puntuasie en taalgebruik by te werk, terwyl die oorspronklike vertaalbenadering behoue gebly het.

Met die ingebruikneming van die Afrikaanse vertaling op 27 Augustus 1933 is die eindvertalers deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika versoek om dadelik met ’n hersiening van die vertaling te begin. Daar is vroeg reeds besef dat Afrikaans as taal steeds in ontwikkeling was, met ’n spelwyse wat nog redelik ongestandardiseerd was. Boonop het die tydrowende drukproses van daardie tyd meegebring dat die finale wysigings aan die Afrikaanse spelling nie betyds voor publikasie aangebring kon word nie.

In April 1934 is besluit om met die hersieningsproses te begin, en die verantwoordelikheid vir die werk is aan dr JD du Toit vir die Ou Testament en dr BB Keet vir die Nuwe Testament gegee.

Die doelwit van hierdie hersiening was veral om die puntuasie en spelling van die Bybel aan te pas in ooreenstemming met die jongste spelreëls. Die hersieners wou ook die latere ontwikkelinge in Afrikaans as taal in ag neem. Sekere woorde en uitdrukkings in die 1933-vertaling wat intussen as onvanpas beskou is, is in die hersiene weergawe meer konserwatief vertaal:

- slaaf word weer *dienskneg*
- jongmeisies word *maagde*
- meneer word *my heer*
- *bene* word *beendere*
- vlerke word *vleuels*
- skaapwagters word *herders*
- bankiers word *geldwisselaars*

Ander geykte uitdrukkings, soos *onse Vader* en *Gods koninkryk*, is behou, terwyl daar teruggekeer is na die gebruik van uitdrukkings soos *derde, sesde of negende uur*. Daar is ook gepoog om die leeservaring van die Bybel te vergemaklik deur besondere aandag aan die sinsbou te gee.

Teen die begin van 1946 het die hersieners uiteindelik hulle werk voltooi, maar twee letterkundiges moes die teks nog nagaan voordat die publikasie kon voortgaan. Die Bybelgenootskap het in 1948 met die drukwerk begin, maar die proefleesproses het weer eens baie tyd in beslag geneem, en die hersiene uitgawe is eers in 1953 gepubliseer.

Rede vir die hersiening van die 1933/1953-teks

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika bly toegewyd daaraan om in die behoeftes te voorsien van diegene wat die 1933/1953-vertaling verkies. Die mees onlangse hersiening van hierdie teks, wat in 2024 voltooi is, fokus uitsluitlik op taalkundige en spelwyse-aanpassings. Die oorspronklike vertaalopdrag sowel as die teologiese integriteit van die teks het volledig behoue gebly.

Wat is gedoen?

- Hierdie hersiening is nie 'n nuwe vertaling of hervertaling nie, maar slegs 'n taalkundige hersiening van die mees opvallende verouderde kenmerke van die oorspronklike teks.
- Daar is by die 1953-uitgawe se brontekste gebly. Vir die Ou Testament is die Masoretiese teks (die sogenaamde Kittel-teks) in Hebreeus gebruik en vir die Nuwe Testament die sogenaamde *Textus Receptus* in Grieks.
- Hoofletters is behou in Ou Testamentiese tekste wat in die Nuwe Testament op Jesus Christus van toepassing gemaak is.
- Alle klemaksente en deeltkens in boek-, plek- en eiename wat nie meer volgens huidige spelreëls aanvaarbaar is nie, is verwyder – byvoorbeeld: “Matthéüs” het “Matteus” geword, en “Réhuel” het “Rehuel” geword.
- In die kruisverwysings onderaan die bladsye is alle klemaksente verwyder en die afkortings is aangepas volgens hedendaagse gebruik.
- Punte in opskrifte is verwyder; waar meer as een frase of volsin in 'n opskrif voorkom, is dit in afsonderlike reëls onder mekaar geplaas.
- Aanvangswoorde van hoofstukke (soms ook perikope) is reggestel waar dit ten volle in hoofletters geskryf is.
- In die Ou Testament is slegs beperkte aanpassings aan spelling van name gemaak – byvoorbeeld: “Skaapspoort” het “Skaappoort” geword; “Batsua” het “Bat-Sua” geword; en “Bet-el” het “Bet-El” geword; ook waar die huidige Afrikaanse spelling dit vereis, terwyl name so min as moontlik verander is – byvoorbeeld: “Chaldeër” het “Galdeër” geword.
- Omdat die Ou Testamentiese brontekste soms dieselfde persoon se naam verskillend spel, en die 1933/1953-vertaling dit verskillend in Afrikaans getransliteraar het, is dit nie altyd moontlik om konsekwente veranderinge in hierdie hersiening aan te bring nie.
- In die Nuwe Testament is name aangepas volgens die huidige Afrikaanse spelwyse – byvoorbeeld: “Aquila” het “Akwila” geword.
- In ooreenstemming met die huidige spelreëls is die name van feeste in die Ou en Nuwe Testament met hoofletters geskryf – byvoorbeeld: “pasga” het “Pasga” geword.
- Klemaksente wat taalkundig onaanvaarbaar of oorbodig is, is verwyder – byvoorbeeld: “jóú” het “jou” geword. Waar egter taalkundig wenslik is klemaksente ingevoeg.
- Die veranderde gebruik van “self” (homself) is in ag geneem en waar nodig aangepas.
- Die voornaamwoorde “hul” en “jul”, wat selde in moderne Afrikaans gebruik word, is vervang met die volvorme “hulle” en “julle”.
- Argaiiese en verouderde woorde wat nie meer verstaanbaar is nie – soos “gedoog” – is gewysig.

Die hersiening is met die grootste oorleg aangepak, met die oog daarop om slegs noodsaaklike aanpassings te maak, gegewe die voorkeur van lesers van die 1933/1953-vertaling vir die huidige teks.

VOORBEELDE

TEKS	1933/1953-VERTALING	1953-HERSIENING
Gen 45:23	tien <u>eselinne</u>	tien <u>eselmerries</u>
Gen 31:38	U skaap- en bokooie het geen <u>misdrag</u> gehad nie	U skaap- en bokooie het geen <u>misgeboorte</u> gehad nie
Eks 19:9	hulle ook vir altyd aan j ^{ou} kan glo.	hulle ook vir altyd aan <u>jou</u> kan glo.
Eks 23:26	Daar sal geen <u>misdragtige of onvrugbare</u> in jou land wees nie.	Daar sal geen <u>miskrame of onvrugbare vroue</u> in jou land wees nie.
1 Kron 3:6-8	Verder Jibhar en <u>Elisáma</u> en <u>Elifélet</u> en Noga en Nefeg en <u>Jáfia</u> en <u>Elisáma</u> en <u>Éljada</u> en <u>Elifélet</u>	Verder Jibhar en <u>Elisama</u> en <u>Elifelet</u> en Noga en Nefeg en <u>Jafia</u> en <u>Elisama</u> en <u>Eljada</u> en <u>Elifelet</u>
Ps 69:21	ek het gewag op <u>medelyde</u>	ek het gewag op <u>medelye</u>
Pred 3:17	want <u>dáár</u> is 'n tyd vir elke saak	want <u>daar</u> 'n tyd vir elke saak
Eseg 30:21	dit is nie verbind tot genesing of <u>geswagtel tot verbinding</u> , dat dit sterk kan word	dit is nie verbind tot genesing of <u>gespalk</u> dat dit sterk kan word
Hos 5:4	Hulle dade <u>gedoog</u> geen terugkeer tot hulle God nie	Hulle dade <u>laat</u> geen terugkeer tot hulle God <u>toe</u> nie
Luk 3:27	die seun van <u>Jóhanan</u> , die seun van Resa, die seun van <u>Serubbábel</u> , die seun van <u>Seáltiël</u> , die seun van Neríja	die seun van <u>Johanen</u> , die seun van Resa, die seun van <u>Serubbabel</u> , die seun van <u>Sealtiël</u> , die seun van Nerija



**bybelgenootskap
van suid-afrika**

**t 021 910 8777
e biblia@biblesociety.co.za
www.bybelgenootskap.co.za**